

Heilbron wen Sasolburg

T20 reeks

Heilbron wen Sasolburg 2de span met 9 paaltjies in T20 reeks.

Sasolburg kon slegs 113 lopies aanteken deur goeie boulwerk van Theuns Botha met 2 paaltjies vir 12 lopies en Pieter Baan met 3 paaltjies vir 14 lopies.

Speler van die wedstryd is Irfan Arshad met 83 lopies van 42 balle, nie uit nie.

Volgende naweek se T20 wedstryde is teen Vanderbijlpark en Sharpville in Sasolburg.

Kom ondersteun gerus die span.

Score Card								
Bat No	Batsman	How Out	Bowler	Runs	Balls	4s	6s	Mins
1	Irfan Arshad	Not Out		83	42	10	6	51
2	Dylan Winkler	Caught	J Botha	17	19	3	0	43
3	Rudie Bruwer	Not Out		8	5	2	0	7
4	Cameron Arshad	Did Not Bat		0	0	0	0	0
5	Oneeb Arshad	Did Not Bat		0	0	0	0	0
6	Ali Asif	Did Not Bat		0	0	0	0	0
7	Pieter Baan	Did Not Bat		0	0	0	0	0



Op die foto links: Irfan Arshad

Terugblik



HEILBRON HERALD, VRYDAG 30 AUGUSTUS 2002 – BESOEKERS VANUIT ENGELAND
Val en Neville Curren van Heilbron se seun Sean en skoondogter Brigette met hul kinders, Alexis (5) en Wade (18 maande) het van Cambridge, Engeland hier in Heilbron besoek afgelê. Hulle het 'n draai by die Riemland Museum gemaak. Sean werk in 'n beleggingsbank in Londen. Hulle is baie lief vir klein dorpie en sal graag terugkeer na Suid-Afrika en kom boer. Diere is hulle liefhebber. Sean sê SA is nog steeds die beste plek om jou kinders groot te maak.

	7		3		2			8
2		1		5				3
8				7				
3			2				8	
		6				3		
4	5		8		3			9
6		7			9		1	5
	4							
	9	8	5	2				

SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks.

Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Het jy geweet?...

Lugbesoedeling kan die mens se lewe met meer as 'n jaar verkort, het 'n studie aan die Universiteit van Texas bevind. Die span het gesondheidsdata van 185 lande, geneem uit die 'Global Burden of Disease Study', gebruik om die effek van blootstelling aan deeltjies kleiner as 2,5 mikron te skat. Hierdie fyn deeltjies kan diep in die longe beland en die risiko van hartaanvalle, beroertes, asemhalingsiektes en kanker baie meer verhoog. Sowel as wat dit ons gesondheid negatief beïnvloed, blyk dit dat lugbesoedeling ons ook minder intelligent kan maak. Navorsers aan die Universiteit van Peking het bevind dat diegene wat blootgestel word aan hoër vlakke van lugbesoedeling aansienlik slegter gevaar het in verbale en numeriese toetse as dié wat in gebiede met skoner lug



leef. Alhoewel daar 'n duidelike korrelasie tussen die twee verskynsels is, bewys die studie nie dat daar 'n onderskeidende oorsaaklike verband tussen hulle is nie.

Briewe aan: Redakteur



Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heilgerig aan die redakteur.

Ek wil net graag 'n klein regstelling maak, oor die presteerders en nie-presteerders, ek het gesê die Here het laasgenoemde ook lief, dis vanselfsprekend dat die Here almal lief

het. Wat ek eintlik probeer sê is, dat almal beskik oor talent, almal s'n is nie eenders nie, maar vir Hom belangrik en kan Hy die geringste talent, tot Sy eer gebruik.

Ingestuur deur Heléne Howell.

Slazenger Baadjies

Beskikbaar vir mans en vroue hierdie winter

Bestel NOU

Bestel hier in donkerblou of grys of swart